Nuusbrief 9 van 2024
9 Mei 2024

Uit die skoolhoof se pen...

#WEESDIEVERSKIL

Liewe Ouers

Dit is 'n besige kwartaal en tussen al die sportwedstryde, akademie en kultuur pyl ons op die eksamen af!

Maandag, 20 Mei is D-dag vir ons seniors en 23 Mei vir die juniors. Ons kinders is steeds besig met ligawedstryde en daar is formele assesserings wat nog binne die volgende week afgehandel moet word.

Ons kinders wat akademies hard werk en 'n vol buitemuurse program het, is oorweldig met alles wat afgehandel moet word. Tussen al die aktiwiteite deur kry hulle nie noodwendig tyd om by hulle akademie uit te kom soos hulle wil/moet nie. Ondersteun hulle asseblief deur die lading tuis te probeer verlig.

Ek wil 'n beroep op u doen om vir u kind die ruimte te skep en geleentheid te gee om deeglik vir die eksamen te kan voorberei. Hierdie is 'n baie belangrike eksamen in verskeie opsigte, maar veral vir ons matrikulante! Dit is kardinaal dat hulle goeie punte behaal. Sien asseblief die opgedateerde eksamenrooster wat aangeheg is. Let veral op die verandering gedurende die week van die verkiesing.

Kom ons vat hande en motiveer ons kinders om toegewyd te wees en net hulle beste te gee!

Wees vir u kind 'n veilige hawe en ondersteuningsisteem en **WÉÉS op hierdie manier DIE VERSKIL** in u kind se lewe - veral in hierdie hierdie eksamentyd!

Vriendelike groete
Brenda Hoffman

PROVINSIALE- EN STREEKSPANNE

Baie geluk aan die volgende leerders wat in provinsiale- of streekspanne ingesluit is.

RUGBY: GRIFFONS PLATTELAND

o.19
Brandon Baker



o.19
Jordan Ferreira

o.14
Dilyn Claassens

RUGBY: SANDVELD

o.19
Thabiso Leeu



o.19
Siya Khaba

o.16
Dian Wagenaar

NETBAL: LEJWELEPUTSWA

o.15
Boitumelo Mbombo

o.14
Mieke Greyling

o.14
Zanele Khaba

EODSA Dance Championship

Tydens die *EODSA Dance Championship* het Dané Rossouw en Khloé Marshal uitstekende uitslae behaal.

Dané het 'n silwer toekenning en Khloé 'n goue toekenning in solodans behaal. Khloé behaal ook 'n silwer toekenning vir haar duet en beide ontvang 'n goue toekenning in hulle groepdans.

Beide hierdie leerders kwalifiseer vir hulle provinsiale kleure en gaan die Vrystaat in Augustus tydens die nasionale rondte in Sasolburg verteenwoordig.



Khloé Marshal

Dané Rossouw

Baie geluk aan hierdie twee leerders!

SPORTUITSLAE

HOKKIE	1STE	Hennenman 3 Welkom Sek 1
	1STE	Hennenman 1 Gimnasium 0
	2DE	Hennenman 1 Gimnasium 0
NETBAL	1STE	Hennenman 30 Sandveld 31
	2DE	Hennenman 12 Sandveld 20
	O/15A	Hennenman 11 Sandveld 19
	O/14A	Hennenman 25 Sandveld 6
RUGBY	1STE	Hennenman 54 HTS 0
	o.16	Hennenman 7 HTS 34
	o.15	Hennenman 0 HTS 27
	1STE	Hennenman 0 Wilgerivier 17
	o.16	Hennenman 0 Wilgerivier 68
	o.15	Hennenman 0 Wilgerivier 50

ONS IS
BAIE TROTS
OP AL ONS LEERDERS!

HOKKIE EN RUGBY VS RIEBEECKSTAD

Die hokkiespanne speel môre, 11 Mei wedstryde teen Riebeeckstad (weg) terwyl die rugby op ons eie velde speel.

Rugbywedstryde begin 09:00.
Ondersteun asseblief ons spelers!

SIEN JOU DAAR!